## OPDRAG/TEMA 1: INDUSTRIËLE REWOLUSIE 4.0

**DIE OPDRAG:**

**Industriële rewolusies het deur die geskiedenis heen óf die lewe verbeter óf meer probleme vir die mensdom geskep. Ons ervaar tans die uitwerking van die Vierde Industriële Rewolusie.**

Industriële Rewolusie 4.0 bestaan uit die saamvoeg van gevorderde navorsing in biologie, tegnologie en industriële outomatisasie om sodoende ons huidige manier van lewe te verbeter. Soos ander vorige industriële rewolusies skep die Vierde Industriële Rewolusie ook probleme wat mense se lewens beïnvloed.


Hieronder is 'n lys met **'n paar** van die probleme wat met die Vierde Industriële Rewolusie geassosieer word:

- Werksverlies waar tradisionele vakmanskap deur robotika en kunsmatige intelligensie vervang word
- Obsessie met sosiale media wat lei tot vetsug weens onaktiwiteit
- Verlies aan privaatheid
- Afbreek van inheemse kennisstelsels weens globalisasie
- Die verlies aan sosiale kontak wat tot siektes, soos depressie, lei

Een voorbeeld van 'n ontwerpoplossing wat met die lys hierbo verband hou:

- Veranderinge in privaatheid: Die verlies aan privaatheid kan tot kuberafknouery lei. Een ontwerpoplossing kan daartoe lei dat ontwerpers 'n advertensieveldtog skep wat kuberafknouery ontmoedig.

Die grafiese illustrasie hieronder toon die vooruitgang van industriële rewolusies in die geskiedenis van die moderne mens.



| 1ste | 2de | 3de | 4de |
|---|---|---|---|
| Meganisasie, stoom en waterkrag | Massaproduksie, monteerbane, elektrisiteit | Rekenaar en outomatisasie | Kuberfisiese stelsels, netwerke en kunsmatige intelligensie (KI) |

**Skep 'n ontwerpoplossing wat EEN probleem wat met die Vierde Industriële Rewolusie geassosieer word, ondersoek.**

Gebruik een of meer van die ontwerpkategorieë hieronder vir jou ontwerpoplossing:

- Visuele Kommunikasie/Inligtingsontwerp en/of Digitale Ontwerp
- Oppervlakontwerp en Tweedimensionele Kunshandvlytontwerp
- Produkontwerp en Driedimensionele Kunshandvlytontwerp
- Omgewingsontwerp

Daar word van die kandidate verwag om navorsing te doen om die impak van al vier Industriële Rewolusies op die ontwerpwêreld te verstaan.

